**ALGEMENE KENNISGEWING**

**Algemene Waardasie van Belasbare Eiendom**

KENNIS geskied hiermee ingevolge Artikel 30 van die Nasionale Regering: Munisipale Eiendombelastingswet, Wet Nr. 6 van 2004, dat die Munisipaliteit ‘n munisipale waardeerder aangestel het om ‘n algemene waardasie uit te voer van alle eiendomme binne die afgebakende munisipale gebied. Die algemene waardasie moet die markwaarde soos op 1 Julie 2020 van die eiendom weerspieël soos deur Artikel 31 van die Wet, bepaal. Die algemene waardasie sal op 1 Julie 2021, in werking tree.

Ingevolge artikel 41 van die Wet, mag die munisipale waardeerder, assistent munisipale waardeerder, data-versamelaar of enige persoon wat deur die munisipale waardeerder skriftelik gemagtig is,

(a) Tussen 07:30 en 19:00 op enige dag, behalwe ‘n Sondag of op ‘n openbare vakansiedag, toegang verkry tot enige eiendom binne die munisipale area wat ingevolge die Wet waardeer moet word; en
(b) Daardie eiendom vir waardasie doeleindes, inspekteer.

Daar moet kennis geneem word, dat wanneer die munisipale waardeerder, assistent munisipale waardeerder, data-versamelaar of enige persoon wat deur die munisipale waardeerder skriftelik gemagtig is, enige eiendom betree :

a) op aanvraag deur die persoon wat daardie eiendom besit, sy of haar identiteitskaart moet toon; en
b) deur ‘n tolk vergesel kan word of enige ander persoon wie se hulp redelikerwys benodig word in sulke omstandighede.

Voorts, in terme van artikel 42 van die Wet, mag die munisipale waardeerder of assistent munisipale waardeerder-

a) Die eienaar, huurder of bewoner van die eiendom wat die waardeerder ingevolge die Wet moet waardeer, of die agent van die eienaar, versoek om vir die waardeerder toegang te verleen tot enige dokument of inligting wat die eienaar, huurder, bewoner of agent het, wat die waardeerder redelikerwyse vir die doeleindes van die eiendomswaardasie benodig;
b) Uittreksels maak van sodanige dokument of inligting; en
c) ‘n Skriftelike versoek rig aan die eienaar, huurder of bewoner van die eiendom, of agent van die eienaar, om die waardeerder skriftelik of mondelings van besonderhede rakende die eiendom, wat die waardeerder redelikerwyse benodig vir die doeleindes van die eiendomswaardasie.

Daar moet ook kennis geneem word dat, waar enige dokument, inligting of besonderhede nie voorsien was toe dit verlang is nie, en die betrokke eienaar so ‘n dokument, inligting of besonderhede gebruik tydens ‘n appél aan die appèlraad, mag die appèlraad ‘n kostebevel ingevolge artikel 70 van die Wet aanteken, as die appèlraad van mening is dat die eienaar, huurder of bewoner van die eiendom, of agent van die eienaar versuim het om sodanige inligting of besonderhede te verskaf, sou dit ‘n onnodige las op die funksies van die munisipale waardeerder of die appélraad, geplaas het.

Navrae kan gerig word aan Mnr. B. Benjamin, by telefoon nommer: 023 348 2662 (kantoor ure) of by faks nr. 023 347 2599 of e-posadres: bbenjamin@bvm.gov.za.

D. McTHOMAS
MUNISIPALE BESTUURDER

BREEDE VALLEY
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA